
Communicare 7(1):56-58

# Politieke Persepsiologie: 'n Perspektief

Denys Rhoodie



DR DENYS RHOODIE is hoof van die Departement Joernalistiek en Skakelwese aan die Technikon Pretoria en doseer ook Politieke Wetenskap. Hy het omvangryke ervaring op nasionale en internasionale vlak t.o.v. die media-, kommunikasie-, diplomatieke, akademiese en politieke terreine. Hy het o.a. 'n boek oor die staatkundige ontwikkeling van Suid-Afrika geskryf en is 'n bestudeerder van intergroepkonflik.

Van tyd tot tyd sal een of ander persoon 'n "nuwe" term in verband met 'n kontemporêre openbare probleemsituasie in sy samelewing bring, gewoonlik om 'n oorspronklike beskouingshoek op die probleem te verskaf en dikwels om dit as 'n sleutel tot die moontlike oplossing van so 'n probleem voor te hou. En as die tydsberekening reg is en die media speel saam, kan dit gebeur dat die term feitlik oornag links en regs deur sprekers en skrywers ingespan word en, siedaar, 'n nuwe gonswoord of in-woord of modewoord het sy verskyning gemaak.

Die vraag wat ontstaan, is of so 'n nuwe uitdrukking werklik iets nuuts sê en of dit 'n ou perd met 'n nuwe saalkleedjie is. Is dit nie dalk 'n ou bekende wat op 'n gunstige tydstip deur herbeklemtoning en deur intensiewe mediablootstelling weer in die kollig geplaas word nie?

Só 'n uitdrukking is die woord *persepsie*. Skielik die afgelope paar jaar het hierdie woord byna 'n verpligte item in die gebruikswoordeskat van politici, sakemanne en academici in Suid-Afrika geword.

Die term is hoofsaaklik, byna uitsluitlik, in verband gebring met die eietydse politieke problematiek van Suid-Afrika, en spesifiek met die ooglopende en beduidende verskerping van tasbare politieke, ekonomiese en kulturele buitelandse druk op die land as reaksie op die land se nasionale beleidsdoelstellinge soos deur die regering van die dag bepaal en toegepas. 'n Bekende Suid-Afrikaanse sakeman het byvoorbeeld gesê dat een van die hoofoorsake van Suid-Afrika se dalende internasionale politieke aansien toe te skryf is aan die regering se ongevoeligheid vir persepsies van Suid-Afrika – en die spel gaan nou oor persepsies, nie oor feite nie (*Sunday Times*, Johannesburg, 1987-03-22:24).

Wat meer is, talle sprekers en skrywers het die term feitlik in 'n teenargument op sigself omgeskep: dit is as heel voldoende beskou om te sê dat land X of instansie Y of persoon Z se kritiek op Suid-Afrika "op foutiewe persepsies berus". Net die stelling is reeds as 'n effektiewe kolskoot op die aanvaller gesien.

Die saak het verder gegaan. Die woord *persepsie* het nou ook aanleiding gegee tot die skepping van 'n selfstandige sistematiese studiegebied, te



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

wete *persepsiologie*. En dit bring ons terug by die vraag: is persepsiologie, en in besonder *politieke persepsiologie*, 'n nuwe studieterrein of 'n nuwe gewaarwording van die persepsieverskynsel as gevolg van die sterk verskerpte buitelandse druk op Suid-Afrika?

Definisies moet altyd met versigtigheid aangewend word, maar hulle verskaf tog nuttige vertrekpunte. So byvoorbeeld omskryf Woelfel en Fink menslike persepsie as 'n voortdurende proses van definisie en herdefinisie in die menslike denke van die betekenisse en bedoelings van persone, dade en objekte deur interaksie of kommunikasie met andere (Woelfel en Fink, 1980).

In die politieke konteks waarin die woord in Suid-Afrika gebruik word, het *persepsie* betrekking op die bekommernis wat bestaan oor die nasionale beeld van Suid-Afrika wat in die gedagtes van mense in ander lande bestaan, oor hoe hierdie samegestelde voorstelling van Suid-Afrika tot stand gekom het, en oor hoe ongunstige persepsies van Suid-Afrika in positiewe persepsies verander kan word.

Die gebied van persepsiologie in die algemeen is egter geen nuwe een nie. Inderdaad, Plato het in 'n sin reeds meer as tweeduisend jaar gelede aandag geskenk aan beeldvorming met sy beskrywing (in sy *Die Republiek*) van mense wat in 'n grot gewoon en só vasgemaak is dat hulle nie hul koppe kon draai om voorwerpe agter hulle te sien nie, maar slegs die skaduwees van die voorwerpe wat 'n vuur op die oorkantse muur van die grot gegooi het. "To them . . . the truth would be literally nothing but the shadows of the images" (Jowett, 1978:388).

Die belangrikste aspek is nie soseer die beeld of persepsie self nie, maar of die persepsie aanleiding gee tot uitgesproke standpunte en veral konkrete dade. In 1922 het die bekende Amerikaanse kommentator, Walter Lippmann, opgemerk dat die mens geleidelik vir homself 'n betroubare prentjie in sy gedagte vorm van die wêreld buite sy bereik. "The pictures inside the heads of these human beings, the pictures of themselves, of others, of their needs, purposes, and relationships, are their public opinions. Those pictures which are acted upon by groups of people, or by individuals acting in the name of groups, are Public Opinion with capital letters" (Lippmann, 1965:18).

Kortom: die persepsie wat 'n buitelander van die Suid-Afrikaanse situasie het, is 'n samegestelde denkbeeld wat hy glo waar en korrek te wees. Wat deurslaggewend is, is nie of die beeld ooreenstem met die werklike feite nie, máár die *oortuiging* by die persoon dat sy beeld waar is, want 'n persoon se openbare mening en optrede word bepaal deur wat hy *glo* waar en geldig te wees.

Vanuit die amptelike Suid-Afrikaanse oogpunt gesien, is dit dan uiteraard van kardinale belang om "negatiewe" persepsies (openbare menings) van invloedryke individue asook van amptelike sowel as buite-amptelike politieke organisasies (politieke partye en talle drukgroepe) in "gunstige" persepsies om te skep. In hierdie opsig is daar egter nog 'n enorme gebrek aan deeglike basiese navorsingswerk. Pionierswerk is tot 'n mate in die sewentigerjare verrig toe die destydse Departement van Inligting aanvoorwerk begin doen het in die vorm van 'n wêreldwye opname deur die firma Richard Manville Inc. van New York.

Die terrein van persepsies is geen maklike gebied vir ondersoek nie omdat persepsievorming 'n ingewikkelde proses is. In die eerste plek is daar die kwessie van die inligtingsbronne waaruit die individu (of groep) sy "prentjie" van 'n ander land saamstel. Dit word vry algemeen aanvaar dat die massamedia, interpersoonlike kommunikasie, asook eerstehandse kontak met die betrokke land almal 'n rol speel; die vraag is net in watter relatiewe verhouding hierdie bronne 'n rol speel. 'n Tweede faktor is die feit dat daar so baie veranderlikes by die persepsievormer self teenwoordig is, soos bv. geslag, ouderdom, omvang en intensiteit van blootstelling aan die verskillende media, opvoedingspeil, kulturele agtergrond, algemene ontwikkelingspeil, ensovoorts.

In die geval van politieke persepsies is daar 'n ander besondere aspek wat in ag geneem moet word. Die amptelike beleidsdoelstellinge van 'n land sowel as die toepassing van beleid berus by die uitvoerende regeringsgesag. Hier land 'n mens by 'n land se *buitelandse* beleid aan. 'n Land se buitelandse beleid is daarop gemik om die land se nasionale doelwitte ("national goals") en lewensbelangrike belange ("vital interests") te help verwesenlik en te beskerm, en dit bepaal dan ook die land se gedragspatroon teenoor ander lande (Vgl. Macridis, 1985: xiv-xviii; Ranney, 1975:596; en Rodee *et al*, 1976: 375).

Nou is die vraag: wanneer byvoorbeeld Margaret Thatcher, as Eerste Minister van Brittanje, en Sir Geoffrey Howe, as haar Minister van Buitelandse Sake, openbare standpunt teenoor gebeure en situasies in Suid-Afrika inneem, reflekteer dit die Britse kiesers se persepsie van Suid-Afrika of die persepsies van die Britse Kabinet? Is mev. Thatcher se persoonlike persepsie van Suid-Afrika werklik



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010)

foutief, of is haar openbare standpunte en optredes eerder gebaseer op haar persepsie van die binnelandse en buitelandse belange van Brittanje? En indien wel so, watter modererende invloed het haar persoonlike persepsie en die persepsies van die Britse kiesers op haar openbare optredes?

Les bes, daar moet allermins nie vergeet word nie dat die regeringsinstansies van Suid-Afrika se uitsprake en optredes ook die resultaat is van 'n bepaalde persepsie of siening of interpretasie van die sogenaamde werklikhede en feite van die Suid-Afrikaanse situasie.

Politieke persepsiologie, oftewel openbare meningvorming, is geen nuwe studiegebied nie, wel 'n verwaarloosde een in die geval van Suid-Afrika. Die toenemende buitelandse politieke en ekonomiese druk het dit noodsaaklik gemaak dat wetenskaplike en doelgerigte navorsing onderneem moet word, binne 'n behoorlike polities-historiese verwysingsraamwerk en met deeglike inagneming van die verskillende aspekte van die menslike natuur.

## VERWYSINGS


Jowett, Benjamin (vertaler) (1978). *The Dialogues of Plato*. Chicago: Encyclopaedia Brittannica, Inc.

Lippmann, Walter (1965). *Public Opinion*. New York: The Free Press (Macmillan Publishing Co., Inc.).

Macridis, Roy C. (1985). *Foreign Policy In World Politics*. New Jersey: Prentice-Hall.

Ranney, Austin. (1975). *The Governing of Men*. Hinsdale, Illinois: The Dryden Press.

Rodee, C.C. *et al.* (1976). *Introduction to Political Science*. Tokio: McGraw-Hill.

Woelfel, J. en Fink, E.L. (1980). *The Measurement of Communication Processes: Galileo Theory and Method*. New York: Academic Press.




Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).